

Orion Minerals

# NAMA KHOI MYNuusblad



## Orion brei die Okiep Koper projek uit

**Orion Minerals het sy Okiep Koper projek (OCP) in die Noord-Kaap uitgebrei. Ons het kennisgewing van die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie ontvang vir die byvoeging van vyf nuwe "koper erts" en "tungsten erts"-gebiede tot ons bestaande eksplorasie gebiede.**

As gevolg hiervan sal ons, ons  regte wes, suid en oos van die sentrale Southern African Tantalum Mining (SAFTA) mynreg-gebied met ongeveer 30,000ha vergroot.

Sodra dit uitgevoer is, bied die toekenning van hierdie bykomende gebiede 'n aantal opwindende geleenthede vir Orion om potensiële koper en verwante minerale te ondersoek om die Flat Mines Projek aan te vul. Die Flat Mines Projek is uitgesonder as die eerste OCP-Projek wat ontwikkel sal word.  Die Bankbare lewensvatbaarheid (BFS) by Flat Mines is afgehandel waar die verslag en koste vir die konstruksie van die stortings stoor fasiliteit einde Julie voltooi was.

Die BFS ondergaan tans 'n onafhanklike kenner se hersiening.

"Orion se visie om produksie te hervestig om uiteindelik historiese vlakke op sy eiendomme te bereik, word versterk namate ons die omvangryke databasis wat verkry is te myn en mineraal regte in die distrik te konsolideer," het Orion se Besturende Direkteur en Uitvoerende Hoof, Errol Smart gesê.

## Nama Khoi gemeenskap opdatering

Orion Nama Khoi Belanghebbende Betrokkenheid Forum vergaderings gaan kwartaalliks voort en bevorder 'n produktiewe en konstruktiewe dialoog. Ons wil ons waardering uitspreek aan die wyksraadslede wat aktief aan hierdie gesprekke deelneem.

Verder is ons verheug om die hernuwing van ons vennootskap met Radio NFM (98.1 FM) aan te kondig. Hierdie vennootskap stel ons in staat om die radio platform te benut, sodat ons 'n wyer gehoor bereik en meer gereelde opdaterings aan die gemeenskap kan verskaf.

## Orion help met die herstel van paaie na Sonop Village

Na die swaar winter  reënval het die pad wat na die Sonop-dorpie lei, aansienlik versleg, wat dit in 'n slegte toestand agter gelaat het. Ons het die Nama Khoi Munisipaliteit ondersteun deur die pad te gradeer om te verseker dat ons gemeenskappe veilig kan reis. Ons is bly om die vermoë te hê om met hierdie projek te help.

## Orion stel ’n toegewyde SLP-projeksie-span in Nababeep op

Orion het ’n toegewyde projek span saamgestel, insluitend die Nababeep Raadslid en ander gemeenskap verteenwoordigers om die Sosiale en Arbeidsplan (SLP) vir die Flat Mines-projek te implementeer.

Die projek span sal ’n plan opstel om die eier produksie- en groente tuin projekte te implementeer en te verseker dat hulle vlot verloop. Hierdie plan sal die besonderhede en tydsberekening van projek implementering insluit.



## Geen planne om gemeenskappe met huidige projekte te verplaas nie

Orion wil graag enige wanbegrip wat verband hou met die verskuiwing van gemeenskapslede in verband met die vordering van sy projekte uitklaar. Dit is belangrik om daarop te let dat die ontwikkeling en uitvoering van Orion se projekte, insluitend die PCZM, die Jacomynspan projek en die Okiep Koper projek, nie die verskuiwing van enige gemeenskapslede van hul wettige wonings sal insluit nie.

## Orion wen die AAMEG Afrika-toekenning vir sy leierskap in ESG

Orion het die AAMEG se Opkomende ESG-leierskap toekenning ontvang by die Africa Down Under-konferensie. Die toekennings word toegeken aan Australiese maatskappye wat uitstekende werk in omgewings-, sosiale en bestuur (ESG) in Afrika verrig.

Dit is die tweede toekenning wat Orion van AAMEG ontvang het nadat hulle in 2020 die Opkomende ESG-leierskap toekenning gewen het.

